

3 Mei 2020

Beste The House of Fibre produsent,

Die bestuur by The House of Fibre sê vir u weereens baie dankie vir die verstaan en ondersteuning oor die afgelope paar weke. Gelukkig het ons met dié skrywe darem 'n bietjie meer goeie nuus.

Die wolafdeling het verlede week sy eerste elektroniese veiling suksesvol aangebied en afgehandel. Na onderhandelings met SAWAMBA is daar ook besluit om die sybokhaarveiling te hervat op **19 Mei 2020**. Slegs die eerste helfte (eweredige lotnommers) van katalogus **B11/19** sal aangebied word. Katalogus B11/19 is die katalogus wat oorspronklik op 7 April aangebied sou word. Die tweede helfte van die katalogus (oneweredige lotte) sal dan 2 weke later op **2 Junie** aangebied word. The House of Fibre sal na elke veiling (1 week later) die veiling afreken. Die besluit is geneem deur die bestuurspan van The House of Fibre omrede die veiling 'n groot aanbieding met 'n klomp hoë kwaliteit skeersels is. Ons glo dat dit onverantwoordelik sou wees om met so 'n groot aanbieding af te skop in sulke onsekere tye. Die ander makelaars en kopers het met ons saamgestem.

Daar sal slegs 2 verdere veilinge aangebied word na katalogus B11/19. Die een (**B12/19**) sal op **15 Junie** (die 16de is 'n publieke vakansiedag) aangebied word en die laaste veiling van die huidige somer verkoopsseisoen sal op **30 Junie (B13/19)** aangebied word. B12/19 sal oop wees vir ontvangste vanaf **5 tot 8 Mei**. (Ons verwag 'n redelike invloed van bokhaar in die eerste week en wil nie dadelik weer met 'n te groot katalogus opgeskeep sit nie.) Volgens 'n bedryfsooreenkoms sal inname deur alle makelaars beperk word tot 'n maksimum van 150 000kg en daarna sal veiling gesluit word. B13/19 sal dan oop bly vir ontvangste vanaf **11 Mei tot 22 Mei**. Daar gaan dus bykans geen afseisoen wees nie. Sybokhaar wat na die 22 Mei arriveer sal voorberei word vir die eerste winter veiling wat sal afskop op **18 Augustus 2020**.

Die rekenmeester van The House of Fibre, Preston Peters, het suksesvol die toeloop in aanvraag van voorskotte gehanteer in die tydperk. Ons is bly dat ons dmv die funksie ook ons medeboer kon help. Die tegniese veldbeampes is ook weer tot u beskikking. Onthou asseblief om voorbereid te wees vir enige buite persoon wat u plaas besoek. Dit sluit in u tegniese beampte. Volgens die wet moet almal maskers dra en hulle hande gereeld was. Die veldbeampte sal toesien dat hyself geen besoedeling oordra van plaas na plaas byvoorbeeld mis aan sy skoene nie.

Wees asseblief bewus van die feit dat die voorsiening van skeerders en klassers vir die winter skeerseisoen 'n krisis gaan wees. Die kans dat skeerspanne van makelaars/privaat spanne nie beskikbaar gaan wees nie voor September/Okttober (99%) is uiters goed. Dit omrede die sluit van landsgrense. Skakel asseblief betyds met u plaaslike veldbeampte om u skeerbehoefte te bevestig. Van die makelaars se kant gaan ons masjienspanne opbreek in 2 man spanne en voorkeur gee aan ooie wat geskeer moet word voor die lamseisoen aanbreek. Klassers word nie gewaarborg nie. Ons doen 'n beroep op u om u mede boer behulpsaam te wees en die skeer van nie-ooie uit te stel totdat spanne weer beskikbaar sal wees. Ons is almal in die dieselfde krisis, kom ons help mekaar!

Die wolpryse die afgelope 2 veilings het basies die Randwaarde van die veilings voor die inperking gehandhaaf. Dieselfde neiging kan verwag word by sybokhaar. Die grootste deel van die bokhaar gaan anders as wol, na Europa met Italië as die grootste verbruiker. Alhoewel daar nog geen kontrakte vanaf Europa gekanseller is nie, is die markneigings nog onbekend omrede al die lande nog steeds ingeperk is. Hopenlik sal ons voor die eerste veiling meer akkurate inligting hê. The House of Fibre pakhuis maak oop vir ontvangste op **5 Mei**. Indien produsente wil inskakel na pakhuis, verkies ons dat u direk die pakhuis beampte op sy selfoon sal skakel, omrede ontvangs vanaf die huis werkzaam sal wees. (Nommers op webwerf)

Groete en seënwense uit 'n nog steeds baie stil Port Elizabeth.

**Pierre van der Vyver**

**Algemene Bestuurder: The House of Fibre**

